



ONKRUIDDODERS EN HUMIDITEIT

Verskeie gewasbeskerming produkte (GBP) word deur lae lugvog toestande beïnvloed. Sekere onkruidodders sal in hierdie wenk bespreek word, maar hierdie beginsels mag ook vir ander GBP geld. Neem asseblief kennis dat onkruidodder etikette spesifieke riglyne oor toedieningstoestande aandui, so dit is belangrik om daarby te hou. 'n Mens moet egter onthou dat sekere onkruidodders 'n verlengde opnameproses kan hê, wat dan die druppelresidu aan ongunstige toestande vir 'n sekere tydperk kan blootstel. Daar is ook sekere onkruidodders wat altyd by 'n verhoogde lugvog sal baat vind, so enige verhoging in humiditeit sal die opname spoed en hoeveelheid verhoog.

Onkruidodders wat deur lae humiditeit beïnvloed word

Wateroplosbare onkruidodders soos glifosaat en glufosinaat kan sukkel om deur die plant opgeneem te word omdat daar sekere hindernisse soos wasagtige lae op die onkruidblaar oorkom moet word. Die onkruidodder en benatter wat gebruik word, hidreer gewoonlik die waslae op die blaar om sodoende die opnameproses te bevorder. Dit kan egter 'n uitgerekte proses wees, daarom mag dit dalk belangrik wees om 'n herbenatter (bevogtiger) met hierdie onkruidodders te gebruik. Die regte herbenatter sal die afdroogtyd van die spuitdruppel residu verleng, terwyl dit ook ideale toestande vir opname skep. Dit sal die nadelige effek van lae humiditeit op die opnameproses verlaag. Dit is belangrik om die regte herbenatter te gebruik en om seker te maak dat dit nie 'n nadelige effek op die onkruidodder het nie.

Moet herbenatters met alle onkruidodders gebruik word?

Dit is belangrik om te besef dat nie alle onkruidodders 'n herbenatter onder lae lugvog toestande nodig het nie. Dit is byvoorbeeld nutteloos om 'n herbenatter

met onkruidodders te gebruik wat maklik deur die blaar opgeneem word. Verskeie onkruidodders, en veral sekere olie-oplosbare formulasies, word in 'n relatief kort tyd opgeneem. Herbenatters word egter dikwels met sekere wateroplosbare onkruidodders gebruik, veral daardie produkte wat 'n uitgerekte opname proses het en wat geneig is om op die blaar af te droog. Onkruidodders wat relatief vining opgeneem word, sal nie bevoordeel word deur 'n langer afdroogtyd nie. Die verkeerdlike gebruik van herbenatters mag selfs die opname verminder en die onkruidbeheer verswak. Dit is daarom nie 'n goeie praktyk om herbenatters as 'n standaard praktyk met alle onkruidodders te gebruik nie.

Villa se mening

Net soos met enige byvoegmiddel, word herbenatters net met sekere onkruidodders benodig. Wateroplosbare onkruidodders soos glifosaat en glufosinaat mag op die blaaroppervlak blootgestel word en kan geneig wees om onder lae lugvog toestande uit te droog. Herbenatters mag met hierdie produkte benodig word om die effek van lae humiditeit te verlaag. Herbenatters moet egter nooit as 'n standaard praktyk gebruik word nie, omdat dit nie altyd benodig word nie, of dit kan selfs antagonisties wees indien dit met die verkeerde onkruidodder gebruik word.

Die raad wat in hierdie artikel gegee word, is vir spesifieke onkruidodders. Moet nie veralgemeen nie, omdat daar altyd uitsonderings op die reël is.

Brian de Villiers

villa